

Ons Kerkgesang

deur O. VAN OOSTRUM

Die leser moet die volgende beskou as 'n nabetraging op die lesenswaardige artikels van dr. G. G. Cillié oor „Die Kerklied in Suid-Afrika.”

Reeds in 1908 het ek in die destydse kerkblad *De Vereeniging*, en later van tyd tot tyd in koerante en tydskrifte, oor ons kerkgesang geskrywe. En dat ek nou, na die stukke van dr. Cillié, weer waag om dit te doen, geskied in die hoop dat predikante en orreliste wat dit lees daardeur opgewek mag word om verbetering in die toestand aan te bring. Want ons kerkgesang verkeer in 'n toestand van verval. Die meeste predikante oorweeg by die soek na 'n geskikte vers om te laat sing net die vraag of die gemeente die wysie ken. En blyk dit dat maar die helfte of miskien maar net 'n kwart van die kerk-gangers met die wysie bekend is, dan laat hulle 'n vers wat anders besonder passend sou wees maar liever staan en kies 'n ander, al is dit ook minder geskik. Sodoende maak hulle dat sangwysies wat maar half bekend is nog minder bekend word en mettertyd heeltemal uitgeskakel moet word. Ons het 'n groot voorraad kerksange: 150 Psalms, 192 Gesange, en nog 'n twaalfstal Gesange agter die Psalms, altesame 354. Van hierdie groot aantal word in die meeste kerke nie veel meer as 'n goeie twintigtal gesing nie. Die ander word as onsingbaar beskou. Verbeel jou! En ons voorouers het hulle dan almal gesing. As iemand beweer dat party vir ons tyd 'n bietjie antiek is, ja, dan kan 'n mens dit nog toegee, maar daar is baie wat onder daardie vonnis val wat besonder mooi is. As 'n mens hulle net eers ken. Die meeste musici is dit daarvoor eens dat ons in ons bundels kerksange 'n musikale skat besit soos maar min ander kerke. Maar ons verwaarloos daardie skat. Die volgende Psalms word in ons kerke nooit nie of hoogs selde gesing (ek laat dié wat te antiek is uit): Pss. 1, 3, 6, 16, 17, 22, 27, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 38, 43, 47, 51, 62, 67, 73, 76, 77, 79, 86, 87, 90, 93, 97, 99, 101, 113, 117, 119, 121, 123, 124, 126, 127, 130, 133, 136, 138, 139, 145, 147, 150; en agter die Psalms: Die Tien Gebooie, Die Gebed des Heren, die Lofsang van Simeon. Sommige hiervan word nog wel nou en dan gesing, maar op 'n ander wysie. So word die Psalm „Uit diepten van ellenden” in plaas van op die treurwysie wat in die boek staan, op 'n juigwysie gesing. Ek het aan die bekende musikus John Connell, toe hy nog pas in die land was en ons Psalms nog nie geken het nie, 'n aantal wysies gestuur waarop hier en daar in ons kerke Ps. 130 gesing word, tesame met die wysie uit die Psalmboek, en hom gevra watter een hy die beste vind. Sy antwoord was dat hy die voorkeur gee aan die laaste (hy het nie geweet dat dit die wysie uit die Psalmboek is nie), dat hy dit verkies „as best adapted to the deep gloom of the words.” Dis die ding: die wysie moet by die woorde pas.

Die Kaapse Sinode het in die laaste dekade van die vorige eeu aan 'n Hollandse musikus van Europese naam, Samuel de Lange,

opdrag gegee om ander wysies by die Psalms en Gesange te komponeer. In 1895 is daardie bundel by Dusseau in Kaapstad uitgegee en dis tekenend dat die komponis in „Enige Opmerkingen” wat voorafgaan, sê: „De door mij bijgevoegde Nieuwe Melodieën zijn door de opdrachtgevers gewenscht. Het verwijt eenige zeer schoone melodieën (bv. Pss. 24, 51, 130, Gess. 17, 36) te hebben willen verbeteren kan dus mij niet treffen.” Merk op dat hy onder die „zeer schoone” Ps. 51 noem, wat in ons kerke nooit nie, en Ps. 130, wat op ander wysies gesing word. Die bundel het nie in gebruik gekom nie, want wie moes die mense die nuwe wysies leer? Seker oor die 90 persent van die gemeente ken nie die note nie, en dié wat hulle ken, kan hulle wel op 'n klavier speel, maar nog nie self met die stem tref nie. Dus sou daar iemand moet wees wat die wysies voorsing of -speel, en dit sou oefeningaande vereis, waarvoor die meeste mense nie te vinde is nie.

Van die Gesange noem ek Gess. 4, 8, 13, 16, 22, 24, 50, 66, 69, 70, 74, 75, 76, 80, 82, 86, 87, 92, 109, 112, 115, 123, 131, 134, 142, 159, 163, 169, 176, 179, 187. Hierdie lysie is nie so groot as dié van die Psalms nie, omdat baie Gesange op bekende psalmwysies staan. In die Gereformeerde Kerk is die aantal Psalms wat nie gesing word nie baie geringer as hierbo aangegee, want omdat hulle daar geen Genoodsaak om hul repertorium net uit die Psalms te vergroot.

Die hoofkenmerk van ons kerkgesang is sy plegtigheid. Toe die beroemde Engelse prediker Gipsy Smith in 1903 'n reis deur ons land gemaak en in die Grootte Kerk in Kaapstad vir die eerste maal 'n Hollandse diens bygewoon het, het hy by die aanhoor van die gesang van die gemeente uitgeroep: „How solemn!”

Dit skyn egter asof die plegtigheid nie na die smaak van party mense is nie, en so word in baie kerke, veral as dit nie in 'n gewone erediens is nie, die voorkeur gegee aan die opgewekte wysies uit die Hallelujabundel. Verstaan my goed: ek praat nie van die woorde en wil ook nie sê dat daar in die bundel geen werklik goeie wysies voorkom nie, maar die meerderheid is, uit 'n musikale oogpunt beskou, minderwaardig. As ons predikante nie oppas nie, is daar gevaar dat hierdie minderwaardige musiek ons kerkdienste gaan inneem.

Maar hoe nou gemaak om die onbekende wysies weer bekendheid te gee? As ons skole beter sangonderwys sou gee en nie sommer liedjies op die gehoor deur voorsing en voorspel leer nie, maar behoorlik note-onderrig gee, sodat die leerlinge as hulle die skool verlaat self met die gesangboek kan klaarkom, net soos hulle 'n ander boek of die koerant lees, dan sal die saak opgelos wees. Dan sou 'n predikant maar enige vers kan opgee en mettertyd sal die gemeente die wysies uit hul kop ken. Maar soos dit nou is, moet ons 'n plan maak. Staan my toe om te vertel op watter manier ek 'n oplossing gevind het. Toe

die gemeente Pretoria-Oos afgestig is, het ek die leiding van die koor op my gemeen. Daar was 'n orreliste, dus het ek net met die koor te doen gehad. Weens die gebrek aan koorboeke het ek hier en daar en oral geskikte musiekstukke gesoek, veral in die *Sammlung von Volksgesängen* van Heim, wat ek dan vertaal en deur middel van 'n hektograaf vermenigvuldig het. Maar ek het ook wysies van minder bekende Psalms en Gesange op dié manier afgedruk en die sangers dit laat leer. As dan die volgende Sondag-aand die diens sal begin, is ek 'n kwartier vantevore klaar met my koor, en pleks dat die orrel 'n musiekstuk speel, sing die koor onder begeleiding daardie Psalms en Gesange. Ek hang voor die gemeente 'n bordjie op waarop vermeld staan watter vers gesing word. Elkeen wat binnekom, begin saam te sing. Na 'n paar Sondae is daar al baie gemeentede wat die wysie ken. Dan begin ek met 'n ander en laat ook vir afwisseling die reeds geleerde wysies weer sing. Op dié manier het hulle 'n hele paar Psalm- en Gesangwysies geleer. Dit was in die Sunnyside-saal. Toe die nuwe kerk gebou is, het dit nog vir 'n tydjie so voortgegaan, totdat die nuwe orrel ingebou en 'n professionele musikus as orrelis benoem is, wat die werk nie voortgesit het nie.

As daar nou onder die lesers hiervan predikante is wat waarde heg aan die verbetering van die gemeentesang, sal hulle goed doen as hulle die orrelis daartoe kan beweeg om op 'n dergelike manier as wat ek hier beskryf het, op te tree. Die orrelis is nie net daar om die sang van die gemeente te begelei nie, maar om dit te lei. Hy is die „oppersangmeester.” En as daar nie 'n koor is nie, kan die orrelis die gemeente tog nog daarin lei. Hy kan dan by die leer van minder bekende Psalms en Gesange die wysie met 'n sterk sprekende register speel, die bas met 'n stewige en die vultstemme met 'n sagte register, totdat die gemeente die wysie ken.